Central Provincial Loft
Sentrale Provinsiale Hok

34267, FAUNASIG 9325, ☎083 511 8736 ,
086 741 0540, strydomk@mtnloaded.co.za
www.bosveldsales.co.za

NUUSBRIEF FEBRUARIE 2013 / NEWSLETTER FEBRUARY 2013

Die eerste maand van 2013 is alreeds verby. Innames sluit teen einde van Februarie 2013 en sover gaan dit baie goed en het ons alreeds verlede jaar se inname-syfers verbygesteek.

By die Sentrale Provinsiale Hok bied ons u die voordeel dat u vanaf die inname van u duif gereelde terugvoer ontvang. Wanneer u duif die hok bereik word hy opgeneem deur inenting vir Paramyxo, kanker asook parasietbehandeling. Die duif word dan onmiddellik in die databasis opgeneem en toegerus met 'n elektroniese ring. Dit is dan moontlik om op 'n gereelde basis 'n voorraadlys te maak sodat gesien kan word presies watter duiwe nog steeds in die hok is en watter verlore geraak het. U kan dan u duif vervang indien daar 'n probleem opduik. Ons besef dat elke duiweboer groot waarde aan sy duiwe heg en deur hierdie sisteem in plek te stel, ten spyte van die koste verbonde aan verlore elektroniese ringe, kan ons aan u die gemoedsrus gee om op 'n gereelde basis tred te hou met u duif.

Ons het ook weereens die hokke vergroot om aan u duiwe meer vloerspasie en genoeg sitplek te voorsien. Die hokke is nou lekker ruim en kan met gemak die vergrote inname hanteer.

Aangesien die Sentrale Provinsiale Hok lekker gerieflik sentraal geleë is, is dit maklik om u duiwe hier te kry. Ons het ook 'n aantal hulpvaardige duiweboere wat deur middel van koerierdienste, padvervoer, ens behulpsaam is om duiwe vanoor die hele land vir ons te vervoer. Baie dankie ook aan hierdie "Vriende van die Hok" wat vir ons uithelp. Julle opoffering en hulp word opreg waardeer. Bel dus gerus indien u vervoerprobleme het sodat ons 'n reëling vir u kan maak. Lugvervoer is ook 'n baie bekostigbare en veilige opsie.

Baie hartlike dank aan elkeen wat alreeds sy duiwe ingeskryf het. Ons waardeer julle ondersteuning en vertroue. Aan die wat nog wik en weeg – Komaan manne kom meet jou duiwe teen van die bestes in die land! Ons het nog baie min 2013 duifies ontvang en daar is nog genoeg tyd.

The first month of 2013 is already history and entries for the 2013 season close at the end of February. Thus far we have already surpassed last year's entries.

The Central Provincial Loft knows that your pigeons are important to you and thus we strive to keep you up to date. On arrival in the loft every pigeon receives Paramyxo vaccination, trichomoniasis as well as parasite treatment. After registration on the database the bird is equipped with an electronic ring. Despite the costs of lost electronic rings, this enables us to supply you with a stock list on a regular basis to ensure peace of mind and the replacement of lost pigeons.

We have also again extended the loft to cope with the increased intake ensuring enough perches and floor space for every pigeon.

The Central Provincial Loft is conveniently situated, which makes it easier to send your pigeons by road or air. We also have a few friendly pigeon fanciers who help to transport pigeons by courier, truck, etc from all over the country. Thank you to all these "Friends of the Loft" for their kind help. We really do appreciate it. Please phone if you experience difficulties in getting your pigeons to us. We might be able to help. Air freight is also a safe and affordable option.

Thank you to everyone that already entered pigeons into our loft. We do appreciate your support and trust. To those who are still thinking and wondering, be brave and match your pigeons against some of the best in the country! To date we received only a few 2013 rings and there is still enough time to send your pigeons.

Regards

KOOT STRYDOM